Bib.



IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

ALEX WILLIAMS ........................ Eerste Appellant

JOHANNES GOLIATH .................. Tweede Appellant

en

DIE STAAT ......................... Respondent

Coram: JOUBERT, HOEXTER et GROSSKOPF ARR.

Verhoor: 17 Mei 1985

Gelewer: 24 Mei 1985

---

U I T S P R A A K

JOUBERT AR :

/Op ......

Op 13 Februarie 1984 is nege beskuldigdes in die Suid-Oos Kaapse Plaaslike Afdeling voor 'n hof be= staande uit SMALBERGER R en twee assessore op verskeie aanklagte aangekla. Appellant 1 was beskuldigde 1 terwyl appellant 2 beskuldige 4 was. Aanklag 1 is dat die be= skuldigdes op 28 November 1982 vir David Steenberg (die „oorledene") in die St Albans Gevangenis in die distrik van Port Elizabeth vermoor het. Die beskuldigdes het onskuldig op hierdie aanklag gepleit. Die ander aanklagte is nie ter sake vir doeleindes van hierdie appèl nie. Die beskuldigdes is verhoor en die appellante is skuldig bevind op aanklag 1 aan moord sonder versagtende omstandighede.

/Hulle ......

Hulle is gevolglik die verpligte doodvonnis opgelê.

Met verlof ingevolge art 316(8)(c)(ii) van die Strafproses= wet 51 van 1977 kom die appellante na hierdie Hof in hoër beroep teen hul doodvonnisse.

Uit die aanvaarde getuienis en bevindings van die verhoorhof blyk kortliks die volgende aangaande die tersaaklike agtergrond en omstandighede wat op die pleging van die moord betrekking het. Die moordtoneel is sel 2 seksie D 1 in die maksimum sekuriteits-afdeling van St Albans Gevangenis waarin ongeveer 40 gevangenes aangehou is. Sommige gevangenes het behoort aan die 26- en 28-bendes terwyl diegene wat aan geen bendes behoort het nie bekend

/was ........

was as Fransmanne. Die oorledene en sommige van die Staatsgetuies het aan die 28-bende behoort, die appellante het aan die 26-bende behoort en sommige van die beskuldigdes was Fransmanne. Die bendelede het deurmekaar met nie-bendelede in die sel geslaap. Die bendes het nie wet-geslaan nie, d.w.s. hulle het nie hul bendewette streng toegepas nie. Geen kringsitting het die pleging van die moord voorafgegaan nie. Die moord was nie 'n bendemoord nie. Dit was 'n private aangeleentheid wat die appellante betref. Die oorledene en die Staatsgetuie Albert Muller was deur die gevangenisowerheid as huisbase in die sel aangestel. Hulle was eintlik opsieners om toe te sien

dat die gevangenes die sel skoon en netjies hou. Hulle moes ook toesig hou oor die gedrag van die gevangenes in die sel. Saans word die ligte afgesit in die slaap= gedeelte van die sel maar die badkamer se ligte bly brand terwyl die gangligte in die sel skyn.

Sondagoggend 28 November 1982 omstreeks 4 vm het die oorledene na die badkamer gegaan en terug- gekeer na sy slaapplek waar hy 'n zol gerook het. Appellant no 2 het hom geroep om by hom en appellant no 1 te kom sit. Die oorledene het dit gedoen en op aandrang van appellant no 2 het hy tussen die appellante gelê met sy skouers teen die muur. Hulle het vir mekaar gefluister. Skielik

gryp appellant no 2 na die oorledene en appellant no 1 steek die oorledene met 'n knipmes (Bewysstuk 1) wat in 'n geel stoflap toegedraai was. Die oorledene het op= gespring en na die kaste teen die muur wat teenoor die badkamer is, gehardloop. Die oorledene was ongewapend. Appellant no 1 het hom agtervolg. Op daardie stadium het bewaarder Anthony die ligte van die sel aangeskakel. Die oorledene se bolyf was bebloed. Toe appellant no 1 verby Albert Muller hardloop het hy hom in sy arm gesteek. Terwyl die oorledene met sy rug teen die kaste staan, het appellant no 1 hom in sy nek gesteek. Baie van die ander gevangenes het na die badkamer gevlug. Albert Muller het 'n kombers oor appellant no 1 se kop en skouers gegooi en

/hom .......

hom op die vloer neergegooi. Die ander gevangenes wou egter nie vir Albert Muller help nie en appellant no 1 het daarin geslaag om die kombers af te gooi en weer op te staan. Appellant no 2 het skoene na Albert Muller gegooi en laasgenoemde het met 'n stuk glas van 'n gebreekte selvenster na die badkamer gevlug. Die oorledene het ook na die bad=kamer probeer vlug maar digby die badkamer se deur het appellant no 2 hom gevang en op die vloer neergegooi. Appellant no 2 het die knipmes van appellant no 1 gekry en die oorledene verskeie steke op sy rug toegedien terwyl sommige van die beskuldigdes die oorledene vasgehou het. Appellant no 2 het hulle beveel om die oorledene op sy rug te draai en toe het hy hom verskeie kere op sy nek

/en .......

en bors gesteek. Hulle het die oorledene gelos. Laasgenoemde het opgestaan en na die middel van die slaap=gedeelte van die sel geslinger waar hy op sy maag geval het. Appellant no 1 het die knipmes van appellant no 2 gekry en die oorledene omgedraai en verskeie kere op sy bors en nek gesteek. Die oorledene het weer opgestaan maar appellant no 1 het hom getrap en teen die muur laat val. Appellant no 1 het die oorledene weer gesteek waar hy lê. Daarna is appellant no 1 na die badkamer en toe hy terugkeer na die slaapgedeelte van die sel het hy die oorledene weer gesteek terwyl die gevangenisbeamptes buite die sel dit aanskou. Appellant no 1 het die knipmes by 'n selvenster uitgegooi. Nadat die seldeure oopgesluit is en die

gevangenisbeamptes die sel betree het, het die appellante hul kaartjies aan adjudant Barnard oorhandig. Sommige van die ander beskuldigdes het dit ook gedoen. Volgens die getuienis van die distriksgeneesheer dr Tucker wat 'n lykskouing op die oorledene gedoen het, het die oorledene 88 wonde opgedoen wat deur 'n skerp voorwerp toegedien is. Sedert hy sy loopbaan gedurende 1947 as distriksgeneesheer begin het, is dit die wreedste en ergste geval van aan= randing wat hy teengekom het. Die oorledene is oorlede as gevolg van menigvuldige steekwonde van die nek, slagaar, lugpyp, longe en hart. 'n Hele aantal van die steekwonde was individueel potensieël noodlottig.

/Die .......

Die bewyslas rus op die appellante om die bestaan van versagtende omstandighede ten tyde van die pleging van die moord op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys. Daar moet 'n feitebasis wees waarvan die aan= wesigheid van versagtende omstandighede afgelei kan word. Namens die appellante is verskeie submissies gemaak, bv dat dit nie 'n beplande aanval op die oorledene was nie en dat daar 'n mate van provokasie was, maar geen feitebasis ondersteun die submissies nie. Indien die appellante enige persoonlike griewe teen die oorledene gehad het, kon hulle dit geopper het teenoor die gevangenisbeamptes. Hulle kon dit direk aan adjudant Barnard meegedeel het maar hulle het dit nooit gedoen nie.

/Na ...........

Na my oordeel het die verhoorhof by sy bevinding dat daar geen versagtende omstandighede is nie geensins 'n mistasting of 'n ander onreëlmatigheid begaan nie. Bowendien in die lig van al die aanvaarbare getuienis kan dit na my oordeel nie gesê word nie dat die verhoorhof nie redelikerwyse tot sy bevinding kon gekom het nie.

Die appelle teen die doodvonnisse word afgewys.

C.P.JOUBERT, AR

HOEXTER, AR )
Stem saam.
GROSSKOPF, AR )